

10 November

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:1-16
Fokusgedeelte: NGB, Art 28

Die eenheid van die kerk – opbou van medegelowiges

Die Bybel roep ons op om soos kinders te glo (Matt 18:3), maar verbied ons om kinders te bly (vers 14)! Wie tydens 'n pouse aandagtig oplet hoe laerskoolkinders speel, verstaan algou hoekom. Die voortdurende afwisseling van stryd en spel, maats wees en nie maats wees nie, het al die intriges, wreedheid en partyskappe van 'n sepie. Elke pouse word die beste en die slegste van elke huishouding met skaamtelose energie opgevoer.

In die kerk mag dit nie soos in 'n sepie gaan nie. 'n Vrede wat die wêreld nie ken nie (Joh 14:27) moet tussen God se kinders heers. Hierdie vrede is moontlik omdat die Heilige Gees 'n eenheid tussen gelowiges gesmee het wat ver bó hulle verskeidenheid en verskille uitgaan (vers 3). Deur Jesus Christus het ons almal dieselfde God en Vader! Omdat ons een Here het, is ons ook een in liggaam, hoop, geloof en doop (vers 4-6).

Gelowiges het die taak om hierdie eenheid te handhaaf en sigbaar uit te bou. Dit is 'n moeilike opdrag, want dit kan op geen ander manier gebeur as net deur DIENS nie. Die gawes wat God jou gee is bedoel om met beskeidenheid, vriendelikheid, geduld en verdraagsaamheid in diens van medegelowiges aangewend te word (vers 2). Verneder jouself vandag deur 'n manier te vind om medegelowiges te dien. Só sal die waarheid oor die eenheid van Christus se kerk sigbaar word: DEUR LIEFDE! (vers 15). Só kan die kerk groei tot 'n volwasse persoon, so volmaak en volwasse soos Christus (vers 13)

Dr. WC Vergeer (Potchefstroom-Oos)